PRETORIA EERSTEJAARSKAMP 2010

Beste 1ste jaar

'n Wonderlike nuwe lewe wag vir jou... studentwees!

Jy is sekerlik al lankal lus om uit die nes te kom en jou eie ***pad*** te stap?! Ons gaan jou die geleentheid gee. Ek weet daar is baie dinge oor jou studentwees wat jou opgewonde maak, maar ook sekerlik dinge waarvoor jy skrikkerig is. Ons gaan saam met jou op hierdie ***pad*** loop!

Hierdie ***pad*** begin natuurlik met 'n fantastiese eerstejaarskamp. Hier gaan jy saam met ander Christen studente van regoor Suid-Afrika 'first contact' hê met senior studente en al die pret van studentwees. Jy gaan kans hê om jou vrae te vra oor die universiteit, jou studierigting en jou nuwe koshuis of daghuis.

Maar ons is ook hier om ná die kamp die ***pad*** verder saam te stap omdat jy die lekker kuier met gelowiges geniet, nuwe vriende gemaak het en saam sal wil groei op jou ***pad*** met God. Gaan loer gerus in by www.estudent.co.za en www.gkbrooklyn.org.za om 'n idee te kry van jou nuwe wêreld!

Ek sien daarna uit om jou op die kamp te ontmoet!

Griffel van Wyk [Brooklyn Gereformeerde Kerk]

DIT IS NOU SULKE TYD....

Tyd vir verandering en nie net sommer enige verandering nie, die oorgang van matriek na eerstejaar! Party kan nie wag nie, ek meen die studentelewe lê voor! Ander....not so much.

Watookal jy voel, maak seker jy kom op die Eerstejaarskamp. Die perfekte plek vir alles wat jy nodig het vir 'n studentelewe saam met God! Geestelike toerusting en visie, 'n smakie van wat voorlê, ouer studente wat vrae kan beantwoord, hope nuwe vriende en wie weet, dalk ontmoet jy jou ander helfte! =)

Willem Marais [Juventus Voorsitter]

Wanneer: Saterdag 9 Januarie – Vrydag 15 Januarie 2009

Kampterrein: Kadesh Bernea naby Hartbeespoortdam.

Koste: Slegs R700

- **Volle kampgeld wat insluit: Kos, 6 nagte verblyf, bus, en nog hope pret!** 'n Deposito van R200 is nie terugbetaalbaar na sluitingsdatum van 4 Januarie 2009 nie. (Laat inskrywing R750) Tjekrekening :ABSA, Hatfield (takkode 335 545), Rekeningnommer: 214 064 2692. Maak tjeks asb. uit aan: "**Juventus"**

Vertrektyd: : Saterdag 9 Januarie 2010 om 11:30

***Juventus* ontvang graag die eerstejaars en hul ouers om 10:30 by die kerkgebou.**

Vertrekpunt: Duxburyweg 174, Hillcrest. (Kaart by www.gkbrooklyn.org.za)

Terugkoms: Vrydag 15 Januarie 2010 om 14:00 by die kerkgebou.

Vervoer: Busdiens. Laat weet indien jy eie vervoer gebruik.

Benodigdhede: Bybel, Psalmboek, papier, pen, slaapsak, paslaken vir matras, (opsioneel), kussing, toiletware, muskiet-weermiddel, sonbrandolie, eetgerei, swemklere, kampklere, een stel ***ou*** klere, sakgeld vir die snoepie en baie ENTOESIASME!

Sluitingsdatum: 04 Januarie 2009

Navrae:

Freda Malan 0828055110 fmalan@vodamail.co.za
Kerkkantoor (012) 362 0069 E-pos: kantoor@gkbrooklyn.org.za
Faksnommer: (012) 362 0069

Kontaknommer tydens kamp:

Griffel van Wyk 082 354 3726

INSKRYWINGSVORM: 1STE JAARSKAMP 2010

VAN: .....

NOEMNAAM: .....

VOORNAME: .....

HUISADRES: .....

..... KODE:.....

TELEFOON: .....…….. FAKS: .....

SEL: .....

E-POS: .....

STUDIERIGTING: .....

MERK DIE TOEPASLIKE BLOKKIES EN GEE BESONDERHEDE:

1. Pretoria adres:
   - ☐ Koshuisstudent (Koshuisnaam): .....
   - ☐ Stadstudent (Pretoria adres): .....

     .....
2. Vervoer na die kamp:
   - ☐ Met die bus
   - ☐ Met eie vervoer (Kaarte is beskikbaar by www.gkbrooklyn.org.za)

VUL ASB DIE VRYWARINGSVORM EN MEDIESE BESONDERHEDE IN!!

VRYWARINGSVORM

VERKLARING DEUR OUER OF VOOG INDIEN AANSOEKER MINDERJARIG IS

Ek _____ (ouer/voog)

ID nommer _____

verklaar dat _____ hierdie ooreenkoms aangaan word met my toestemming. Ek doen afstand van enige eis, van watter aard ook al, wat ek mag hê, nou of in die toekoms, teen die **GEREFORMEERDE KERK PRETORIA-BROOKLYN** of enige groepleier op die **EERSTEJAARSKAMP 2010**, vir enige handeling of nalate, voortspruitend uit enige aktiwiteit tydens die **EERSTEJAARSKAMP 2010** by die **Kadesh Bernea Kampterein** van **9-15 Januarie 2010** wat die basis kan vorm van ’n siviele eis, wat ek, in my hoedanigheid as ouer/voog, mag verkry teen die **GEREFORMEERDE KERK PRETORIA-BROOKLYN** of enige groepleier op die **EERSTEJAARSKAMP 2010** as gevolg van enige skade/leed aan my kind, of ’n persoon onder my voogskap, wat die geval ook al mag wees, veroorsaak deur enige handeling of nalate deur die gemelde **GEREFORMEERDE KERK PRETORIA-BROOKLYN**.

HANDTEKENING OUER/VOOG: _____

MEDIESE BESONDERHEDE

Mediese skema: _____

Lidnommer: _____

Enige sake wat u onder ons aandag wil bring (bv. Allergieë):

_____

_____

_____

_____